

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-02-20

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 178

(Bladsye 9 136 - 9 182)

HOF HERVAT OP 20 FEBRUARIE 1987.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Voordat ons begin wil ek iets op rekord plaas en dit is dat die getuie se skattings blykbaar beter is as my eie. Die breedte van hierdie hof is gemeet deur my griffier en vir dié wat belangstel in presiesheid dit is 8,78 meter. Dit word dus vasgestel op 9 meter die breedte van die hof. Vanaf die punt van die getuiebank tot by die punt van die lessenaar, die naaste punt van die lessenaar waar die advokate sit is 5,4 meter. Dit word dus vasgestel op 5½ meter (10) en die afstand vanaf die punt van die getuiebank tot waar die advokaat staan is 6 meter.

KRUIISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Die vraag waarmee ek gister besig was het ek geherkou en ek gaan daardie vraag laat. Ons is steeds besig met die optog by die punt waar die interseksie bereik is. -- Ja.

Verstaan ek u getuienis korrek dat die groep van driehonderd ongeveer mense wat vanaf die teenoorgestelde kant af gekom het, was ook gegroepeer in 'n optog? -- Ja, dit is korrek. (20)

Het hulle ook "marshalls" gehad? -- Weens die feit dat hulle ver van my af was, het ek dit nie opgelet nie.

Was hulle net die breedte van die teerpad, die optog? -- Hulle was op die teervlak gewees, maar vanwaar ek was kan ek nie sê of hulle die hele breedte van die teergedeelte gedek het nie.

Het hulle op enige stadium terwyl u hulle dopgehou het gestaan en wag of was hulle die hele tyd in optog, in beweging? -- Dit is net voor hulle by ons optog gekom het daar by die voorpunt. Ek sal sê hulle het stadig beweeg. (30)

Dit/...

Dit is 'n "slow down". Hulle het nie stil gestaan nie.

Ek wil aan u 'n stukkie van die getuenis lees wat gestel is aan getuie IC.8. Dit is volume 22 op bladsy 1 047. Dit is aan die getuie gestel "You were supposed to have seen them." Dit is die groep van voor af. "But I am putting to you that I do not know whether you saw them or not, but they were there. Not as a tightly formed group, but spread over the unmade pavements and over the road. They were apparently waiting near the intersection to apparently join the intersection."

(10)

COURT : To apparently join the intersection or the procession?

MNR. HANEKOM : "To apparently join at the intersection."

Wat sê u van daardie stelling? -- Ek sal nie kan kommentaar lewer op so 'n stelling nie, want ek getuig as gevolg van wat ek gesien het vanwaar ek was.

Stem u saam met die stelling dat dit is wat gebeur het, dat dit 'n los groep mense was en dat hulle daar naby die interseksie gewag het? Dat hulle ook versprei was oor die sypaadjies aan weerskante van die pad? -- Ek stem nie saam nie. Hoekom, sal ek aan u verduidelik. Hoekom ek sê ek stem nie saam nie is omdat toe ek my observasies daar gemaak het van die aankomende klomp, wat my betref was hulle bymekaar gewees. Al kan ek nie met sekerheid sê dat hulle georganiseerd was nie, maar hulle was bymekaar. Die rede hoekom ek sê ek kan nie sê of hulle georganiseerd was nie, was omdat ek nie die "marshalls" van hulle gesien het nie. Verder was daar aan weerskante van die pad waar die mense beweeg het ander klompies mense wat net daar gestaan het. Met die gevolg dit kan dan wees dat die persoon wat

(30)

daardie/...

daardie instruksies gegee het, het die klompies mense saam geneem met die mense wat op die teergedeelte was en die instruksie as een gegee.

Wat sê u het presies by die interseksie gebeur? Hoe het die twee groepe bymekaar aangesluit en presies waar het dit gebeur? -- My getuienis is wat daar gebeur het is die volgende. Toe die voorpunt van ons optog die draai begin, het die voorpunt van ons die ander klomp daar raakge-loop. Dit het gebeur met my in 'n lang distansie vanaf daardie punt waar hierdie gebeure plaasgevind het. (10)

HOF : Is u antwoord dat u nie mooi kon sien wat gebeur nie? -- My antwoord is, dit was my observasie van die distansie vanwaar ek was toe die gebeure daar plaasgevind het.

Ja, maar die vraag was wat het gebeur. Nou weet ons nog nie wat gebeur het nie, behalwe dat hulle mekaar raakge-loop het. -- Hulle het by hierdie optog van ons aangesluit.

MNR. HANEKOM : Het u gesien by watter punt hulle by die optog aangesluit het? Julle optog? Waar het hulle by julle of hoe het hulle deel geword van julle optog? -- Toe hulle daar by ons optog gekom het, waar hulle mekaar ontmoet het (20) met die voorpunt van ons optog, was daar 'n disrupsie gewees in die sin dat hulle sommer direk daar wou aangesluit het om 'n deel van die optog daar by daardie punt te vorm.

Het hulle agter die leiers van julle groep aangekom of het hulle die nuwe voorpunt geword? -- Volgens my waarneming het die volgende daar gebeur. Die mense het by die voorpunt van ons optog aangesluit deur tussen die voorpunt in te filtreer en na agter toe te beweeg, dit wil sê agter die voorpunt, dit is die leiers van die optog op daardie stadium. Dan het hulle agter ingeval om verder agter by die optog (30) te/...

te kan wees.

HOF : So, u sê dié wat leiers was van die optog het leiers gebly en net agter die optog het - agter die leiers het hulle ingeval? -- Ja, dit is so. Wat ek wel nog wil noem is dat hulle het nie net as 'n klomp daar van hulle aangesluit nie. Hulle het sommer gemeng met die ander mense in hierdie optog van ons.

MNR. HANEKOM : Tot hoe ver van die voorpunt van julle optog af het hulle ingemeng? Tot heel agter of tot in die middel? -- Dit is vir my moeilik om vir die Hof te kan sê hoe ver(10) hierdie mense in ons optog infiltreer het, in die sin dat ek kon nie die mense identifiseer later as die mense wat infiltreer het nie, met die oog daarop dat ek nou vir die Hof kan sê tot hoe ver hulle infiltreer het nie, maar wat ek wel kan sê is dat met hulle aansluiting, moes ons die agtervolgers van ons leiers van die optog, moes stadiger beweeg het met die oog daarop dat hulle nou weer in die spasie kon aanpas tussen ons en die leiers om weer normaal te kan beweeg.

Het van die leiers van julle optog of van die kantbeamptes waarvan u self een was op 'n stadium met hierdie .(20) mense gepraat voordat hulle deel van julle optog geword het?

-- Ek weet nie van die mense wat heel voor was nie.

Het van die kantbeamptes hierdie mense gehelp om deel te word van julle optog? -- Ja, dit is so. Dit het so gebeur.

Hoe het u gedink wat se groep mense is dit, waar het hulle vandaan gekom? -- Al wat ek gedink het, dit is dat die klomp gevorm word deur inwoners van Gebiede 11, 12, 13 en 14. Dit is hulle wat in daardie klomp is.

Het u enige persoon in daardie nuwe groep herken? -- Nee. Weens die distansie tussen ons was ek nie in staat om hulle(30)

te/...

te identifiseer nie.

U het in u hoofgetuienis, dit is volume 171 op bladsy 8 827 ook getuig dat die groep wat van voor af gekom het naby die interseksie gaan wag het vir julle groep om nader te kom. Vanoggend was u getuienis dat hulle nooit gestop het nie. Wat is die regte weergawe? -- Kan u dit lees wat ek gesê het?

Die Hof het aan u gevra "So, they were on a head-on collision course with you?" Dan was die antwoord "No, what happened is this. While we were still heading for the curve, these people were coming from the opposite direction. (10) Just at the curve they decided to stop and wait there, which I took they were waiting for us to reach that point." -- Wat ek daarby bedoel het is dat die mense 'n aanduiding gegee het dat hulle by ons kom aansluit. Soos ek gesê het in my woorde dat "they slowed down."

Die vraag is, het hulle nou gestop en vir julle gewag of het hulle nie gestop en gewag nie?

HOF : As u 'n bietjie verder op die bladsy af lees sal u sien dat hy gesê het "I do not want to bind myself and say they were stationary at the time." (20)

MNR. HANEKOM : Op die stadium toe julle optog die interseksie genader het, was die interseksie vol mense of nie? -- Dit was vol mense gewees, ja.

HOF : Vol mense? -- Daarby bedoel ek daar was klompies mense wat by verskillende punte gestaan het.

In die straat of op die sypaadjies? -- Op die sypaadjies.

MNR. HANEKOM : En in die teerpad self, in die interseksie, was daar mense op die pad? -- Nee, nie op die teergedeelte nie, want die mense wat ons gesien aankom het in daardie rigting het padgegee vir ons om verby te gaan. (30)

Na/...

Na watter mense verwys u nou? -- Ek verwys na die mense wat vroeër in die straat was voor die optog van ons by die punt gekom het waar die mense in die straat is. Mense wat ons nie geweet het of hulle by ons kom aansluit of nie. Hulle het padgegee vir die optog dat die optog dan op die pad moet bly.

Was die laan, soos dit genoem is, wat na Caeser se huis toe gaan, vol mense voor julle optog die interseksie bereik het? -- Dit is voor ons die interseksie bereik het?

Ja, voordat julle dit bereik het? -- Al wat ek kan (10) sê met betrekking tot daardie laan daar is dat toe ek by die laan kom het ek opgemerk dat daar wel mense was wat in verskillende rigtings gestap het in daardie laan.

HOF : Dit is nie soos ek die vraag verstaan het nie. Voordat die voorpunt van die optog by die interseksie gekom het, was daar mense in die laan? -- Nee, ek sal nie kan sê nie, want die distansie waar ek was toe die voorpunt van ons optog by die interseksie kom, laat dit nie toe dat ek kon gesien het wat gebeur in die laan self nie.

MNR. HANEKOM : Het die mense in die interseksie self groepe (20) gevorm om by julle optog aan te sluit?

HOF : Wag nou net so 'n bietjie. Laat ons duidelikheid kry oor die vraag. Die prentjie wat ek het is dat daar 'n aantal omstaanders is wat ðf enkel ðf in klein groepies staan en kyk. Dat daar 'n prosessie of 'n optog van voor af aankom van sê nou maar driehonderd mense. Bedoel u nou daardie groepies wat daar rondgestaan het? Het hulle groepe gevorm om aan te sluit of verwys u na die groot groep wat van voor af gekom het?

MNR. HANEKOM : Ek sal die vraag so stel dat dit albei (30) insluit/...

insluit. Het enige mense groepies in die interseksie gevorm, verskillende groepies om by die optog aan te sluit?

HOF : Maar daar was 'n groep. Dit was van self 'n groep.

Hoe kon hulle nog 'n groep vorm?

MNR. HANEKOM : Nee, klein groepies.

HOF : Daar was klein groepies van een of twee. Dan moet u u groep definieer. U kan nie die vraag onduidelik stel nie, dan het ons niks aan die antwoord nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal dan eers kom by die mense wat nie deel van die groot groep was, die driehonderd nie, die (10) ander mense wat in die interseksie was, het hulle groepe gevorm om by julle optog aan te sluit in die interseksie? -- Nee, ek sal dit nie so kan beskryf nie. Wat ek wel kan sê is dat dit het van die mense afgehang. Sê byvoorbeeld twee mense staan bymekaar en die twee besluit om by die optog aan te sluit, dan sou daardie twee alleen aangesluit het by die optog. Miskien kom ons by 'n ander punt. Dan kry ons drie mense wat bymekaar staan en as hulle besluit om aan te sluit, dan sal hulle alleen as drie persone aansluit by die optog.

Ek praat nie van terwyl die optog in prosessie was (20) nie. Ek praat van in die interseksie self?

HOF : Ja, ons is besig met die interseksie. U het daardie deel van die antwoord nou gekry. Gaan nou verder.

MNR. HANEKOM : Ek wil aan u lees die stelling wat aan die getuie IC.8 gemaak is. Dit is in volume 22 op bladsy 1 069. Dit is gevra aan die getuie "Did the people who were in the intersection also sing when they formed in group in order to join the procession?" Stem u daarmee saam? -- Ja, wat was sy antwoord op die vraag?

Nee, ek vra vir u wat is u antwoord? -- Ek sal u sê (30)

ek/...

ek raak verwarr met hierdie stelling. Of dit nou 'n vraag is van my om daarop te antwoord of wat dit is.

HOF : Die advokaat lei van die manier waarop daardie vraag gestel is af dat dit kruisondervraer bedoel het om dit as 'n positiewe feit te stel dat die saak van die verdediging is dat die persone of mense in die interseksie gesing het toe hulle groepe gevorm het om aan te sluit by die optog? -- My antwoord daarop is dat mense wat ek gesien het daar wat aangesluit het by die optog is die mense wat ek na verwys het as twee of drie persone wat besluit het om aan te sluit. (10)

MNR. HANEKOM : Ek wil die volgende stelling aan u lees wat op dieselfde bladsy gemaak is aan die getuie. "Would you agree that even before the vanguard of the procession reached the intersection, small groups instead of joining behind the procession became the vanguard of the procession themselves." Stem u daarmee saam? -- Ja, ek stem daarmee saam, want wat kan gebeur is die volgende. Sê nou hier staan mense daar voor en wag vir die optog om by hulle te kom en nou sien hy in die "vanguard" van hierdie optog iemand wat hy ken, (20) daardie persoon kan maklik besluit om by die bekende vriend van hom te gaan aansluit en dus 'n "vanguard" vorm.

HOF : Ek dink nie dit is wat hier gestel word nie. Wat hier gestel word is dat die leiers van die groep het uiteindelik opgehou - die leiers van die optog het uiteindelik opgehou om leiers te wees omdat daar ander groepies voor hulle begin loop het? -- Nee, my verstaan van hierdie stelling is die volgende. Dat die persone aangesluit het by die "vanguard" van die optog. Dit wil sê hulle het deel gevorm van hierdie leiers, dit wil sê by die plakkate het hulle (30) aangesluit/...

aangesluit. Dit wil sê onmiddellik na die plakkate was hulle gewees.

MNR. HANEKOM : Net op die volgende bladsy, bladsy 1 070 is dit aan die getuie gestel "I am going to put to you that as the procession proceeded towards the intersection there were by the time the front rank of the organised procession had reached the intersection, hundreds of people in front of them." Stem u daarmee saam? -- Ja, ek stem saam, maar ek gaan verduidelik hoekom dit so gestel was.

HOF : Nee, u hoe nie vir ons te verduidelik hoekom dit (10) so gestel is nie. Is dit korrek soos dit gestel is, want dan hoef u dit nie te verduidelik nie? -- Dit is korrek, maar dit was tydelik dat sulke persone daar voor opgetree het.

Hoe bedoel u tydelik? -- Omdat dit gebeur het tydens die mense se infiltrering van die optog om in die optog deel te neem en toe teruggeval het.

MNR. HANEKOM : Het daar, behalwe die groep van plus-minus driehonderd wat van voor af gekom het, ander groot groepe uit ander rigtings gekom wat by julle optog aangesluit het naby of in die interseksie? -- Nee. (20)

Aan die getuie op bladsy 1 068 is die volgende gestel "Now, before the front rank of the procession entered the intersection, I am going to put to you that there was general confusion in the intersection, because of the different groups that had come to the intersection from different directions." Stem u daarmee saam? -- Die klompies wat na verwys word wat daar aangesluit het, na my mening, is die klompies wat ek na verwys het as drie, vier of twee persone wat besluit het om aan te sluit. Dit is uitgesluit die driehonderd natuurlik waarvan ons vroeër gesproke het. (30)

Sê/...

Sê u die stelling is korrek dat "different groups had come to the intersection from different directions?" -- Ja, ek stem saam. Dit is die groepe wat ek van praat van twee, drie en vier. Dit is sonder daardie driehonderd waarvan ons reeds gepraat het.

Stem u saam met die volgende stelling op bladsy 1 055 "What have been the vanguard of the march up to the time that it was approaching the intersection, was no longer the vanguard, because of the people from the left and the right and the lane that had come into the intersection, (10) so that there was confusion in that intersection as the march was approaching the intersection"? -- Ja, ek stem saam, dit het so gebeur, maar dit was tydelik gewees.

Wat bedoel u daarmee? -- Daarby bedoel ek na 'n tydjie wat dit gebeur het, was die optog weer normaal gewees, daar was toe weer orde in die optog. Met die gevolg die oorspronklike leiers van die optog het gebly op hulle posisies van leiers.

Het u self gesien of mense van julle optog in die laan opbeweeg in die rigting van Caeser se huis? -- Nee, ek het(20) niemand gesien van ons optog wat in die laan ingegaan het nie.

HOF : As iemand van u optog in die laan sou gegaan het, sou u dit gesien het? -- Waar ek was in my posisie waar ek gestaan het, het ek niemand gesien wat van die optog af gebreek het en in die "lane" ingegaan het nie. Maar as dit miskien gebeur het dat 'n persoon by die punt afgebreek het vanwaar ek was by die optog en met die "lane" opgegaan het, sou ek dit gesien het.

Al wat ek wil weet is of u sou gesien het vanwaar u (30)
was/...

was as iemand van die optog in die laan opgegaan het? -- Ja, 'n persoon wat voor my afgebreek het om in die laan in te gaan sou ek gesien het.

So, vanwaar u was in die middel van die optog tot by die voorpunt van die optog, het daar niemand in die laan opgegaan nie? -- Nie wat ek gesien het nie.

MNR. HANEKOM : Het u enige van die ander mense wat nie deel van die optog was nie, wat daar rondgestaan het in die laan op sien hardloop in die rigting van Caeser se huis? -- Ja, daar was mense gewees in daardie laan wat in die teen-(10) oorgestelde rigtings gestap het.

Afgesien van die mense wat in die laan heen en weer gestap het, het u mense gesien wat van die hoofpad se kant af in die laan opgehardloop het in die rigting van Caeser se huis? -- Van die mense wat daar langs die pad gestaan het, dit wil sê in die hoofpad, het ook deur daardie laan gegaan.

Net enkelinge of baie? -- Ek het opgemerk dat mense daar opgaan en wat my betref het hulle een-een daar ingegaan as "individuals".

HOF : Geloop of gehardloop? -- Hulle het vinnig beweeg. (20)

Geloop of gehardloop? -- Hulle het vinnig geloop. Dit is nou die mense wat ek gesien het.

MNR. HANEKOM : Het u vir Esau gesien toe die twee groepe ontmoet het in die interseksie? -- Esau was by hierdie optog gewees.

HOF : Het u hom gesien, is die vraag? -- Ja, ek het hom gesien.

MNR. HANEKOM : Het u hom die hele tyd gesien of het u hom op 'n stadium nie gesien in die interseksie nie? -- Daar was 'n stadium waar ons nie mekaar gesien het nie. (30)

Was/...

Was Esau op enige stadium by die voorpunt van julle optog? -- Nee, nie op daardie tydstip nie.

Hoe kan u dit sê as u hom nie gesien het nie? -- Ek en Esau was min of meer by dieselfde punt. Dit wil sê by die middel van die optog toe die "disturbance" plaasgevind het daar by die optog in die interseksie. Dit was vir daardie tydjie wat daardie "disturbance" daar was, maar later toe die orde weer herstel was in die optog, het ek hom weer gesien by dieselfde omgewing waar ek en hy vroeër was en hy het maar daar opgetree as 'n persoon wat die mense orde (10) gegee het in die optog.

Toe die verwarring by die voorpunt was, waar was Esau toe? -- Hy was net iewers hier voor my gewees waar ek was. Dit is waarna ek verwys as ek sê daar was 'n tydjie wat ons nie mekaar gesien het nie.

HOF : Bedoel u met iewers voor u naby voor u of dat dit enige plek kon wees vanwaar u is tot die voorpunt van die optog? -- Nee, ek sê net 'n entjie voor van my af waar ek was.

Hoe ver is 'n entjie? -- Toe die optog weer in orde gekom het, waar ek hom gesien het was hy omtrent 8 tot 10 (20) meter ver van my af.

MNR. HANEKOM : In u hoofgetuienis het u gesê dat Esau op die stadium toe hy 'n entjie voor u geraak het, dat hy tussen die mense was wat van die voorste groep by julle groep aangesluit het? Volume 171 op bladsy 8 829. -- Nee, ek het nie so gesê nie.

Ek sal aan u lees by reël 12 "Did Mr Raditsela continue being in front of you or did you lose sight of him of what happened? - He was in front of me." Dit was deur die Hof gevra "How far?" en die antwoord "About 6 metres as I have (30) already/...

already earlier said. He was all along approximately 6 metres ahead of me but at the time when these other people came to join us, that is those I described as people who were coming from the front, the opposite direction, he was for some time or at some stage among those people and therefore my view was obscured. I could not see exactly where he was."

-- Ja, ek erken dat ek wel so gesê het, maar ek het nie bedoel dat hy na die heel voorste punt van die optog gegaan het nie. Soos ek al gesê het die mense het probeer om te infiltreer op die optog en dit was ons plig gewees om toe (10) te sien dat die optog in 'n goeie orde beweeg.

Net op die volgende bladsy 8 830 het u weer u storie verander en gesê "I do not mean that he was amongst the people where this confusion was taking place, but from where he was originally and we had to stop when these people were joining the march. I could not see." -- Ja, dit is reg, ek het so gesê maar dit beteken nie dat ek bedoel het dat hierdie man nou ver van my was waar hy was nie, want ek kon nie sien waar hy is nie. Al wat ek sê is dat hy het verdwyn. Ek het hom uit sig verloor en toe hy weer te voorskyn gekom het (20) was hy kort voor my.

Ek wil dit net aan u stel dat die rede waarom u so verskillende weergawes gee vanwaar Esau was, is om hom weg te hou van die voorpunt van die optog af en om hom weg te hou van die laan na Caeser se huis toe waar hy inderdaad was?

-- Nee, ek stem nie saam met u stelling nie.

Op watter stadium het u rook gesien in die interseksie? Waar was die optog op daardie stadium?

HOF : Het die getuie ooit gesê dat hy rook in die interseksie gesien het? (30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Ja.

HOF : Die situasie van die rook was in die interseksie?

MNR. HANEKOM : Ja, dit is reg.

HOF : Dit is nie my indruk van die getuienis nie.

MNR. HANEKOM : Die rook self was naby die interseksie.

HOF : Dit is iets anders.

MNR. HANEKOM : Ek sal dit dan so stel.

HOF : Vra die getuie waar hy was toe hy die rook gesien het?

MNR. HANEKOM : Goed, u het die Hof se vraag gehoor. Wat is u antwoord? -- Ek was tussen die BP Garage en die (10) kiosk.

Waar was die voorpunt van die optog op daardie stadium?

-- Hulle was al naby die draai om die draai te begin.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit voor of na die infiltrering van die ander mense? -- Toe wat gebeur het? Toe ek die rook gesien het?

Toe u die rook gesien het? -- Ja, dit is voor ons by hierdie mense gekom het.

HOF : Is dit die eerste rook wat u gesien het dieoggend?

-- Ja, dit was die eerste rook wat ek dieoggend gesien (20) het.

MNR. HANEKOM : Toe die optog by die interseksie verby is en julle die polisie van voor af gesien het, waarom het die optog nie tot 'n stilstand gekom toe hulle die polisie van voor sien nie? -- By watter punt? Is ons nou daar by Hunter's Garage?

Dit is reg. -- Toe ons die polisie opgemerk het terwyl ons besig was met die optog, die distansie tussen die optog en die polisie skat ek was ongeveer tussen 40 en 50 meter.

Dit was op hierdie stadium wat ons na vorentoe beweeg het (30)

om/...

om by die voorpunt te wees met die oog daarop om 'n gesprek met die polisie te gaan uitvoer.

HOF : Wie is ons? -- Ek, Esau, heel voor was beskuldigde nr. 9. Ons het na vorentoe beweeg, dit is die twee van ons om by die voorste punt te gaan aansluit om met die polisie te gaan praat. Op daardie stadium het die leiers van die optog alreeds begin stadiig loop, want dit was vroeër gereël dat ons die polisie sal moet gaan aanspreek.

MNR. HANEKOM : My vraag is waarom het die optog nie tot 'n stilstand gekom nie? Waarom het hulle voortgegaan om te (10) stap? -- Daar was nie 'n rede vir ons om te stop nie.

U getuienis was die polisie het die pad versper, julle kon nie daar verbygaan nie? -- My getuienis is dat toe die polisie daar kom, heel ver van ons af het hulle die pad begin versper. As gevolg van die distansie dat hulle ver was, was daar dus nie vir ons 'n rede gewees om te stop nie, want ons het nog nie by hulle gekom om te sien dat ons nie kan verygaan nie.

Dan het ek u getuienis verkeerd verstaan. Ek het verstaan u sê die optog was plus-minus 40 meter van die polisie af(20) toe julle hulle die eerste keer sien? Is dit verkeerd? -- Nee, toe ons die polisie vir die eerste keer gesien het, was hulle nog heelwat ver. Hulle het eintlik nog met voertuie ry. Ek sal vir u sê hoekom want dit is 'n opdraende. Vanwaar ons was kon ons hulle van ver af gesien het.

Op die stadium voordat die polisie opgetree het en begin skiet het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het u hulle gesien ry of wanneer het u gesien dat hulle die pad versper? -- Ek het hulle gesien van ver af. Toe ons hulle gewaar het, het ek en Esau vinnig beweeg (30)

na/...

na vorentoe na die voorpunt van die optog om daar voor te wees voor ons by die polisie kom. Net toe ons daar voor by die voorste punt kom, dit is ek en Esau was dit op hierdie stadium van 40 na 50 meter wat die polisie die pad blokkeer het.

Het hulle voor dit nie die pad blokkeer nie? -- Nie voor dit nie. Wat gebeur het is toe ons net by die voorpunt kom, dit wil sê toe ons die voorpunt bereik het, het die polisie daar gestop en besig geword om die pad te blokkeer.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Hoe het hulle die pad versper? (10)

-- Hulle het die voertuie dwars oor die breedte van die straat laat stilhou.

MNR. HANEKOM : Toe die polisie besig was om hierdie versperrings op te stel, het die optog steeds voortbeweeg? -- Ja, die optog het nou stadig beweeg en dit is op daardie tydstip wat ons daar kom.

Was die mense in die optog stil op daardie stadium of het hulle gesing en geraas? -- Op hierdie stadium het hulle stilgebly.

HOF : Hoe lank al? -- Toe ons by die voorpunt kom van (20) die optog, het die mense daar voor alreeds stilgebly. Die mense wat nog 'n bietjie gesing het, is dié wat heel agter was. Ek neem aan dat dit gebeur het omdat hulle nog nie kon sien dat daar polisie voor was nie.

MNR. HANEKOM : Toe jy en Esau na vorentoe beweeg het, het julle soos julle beweeg het vir die mense weer vermaan om hulle nou te gedra? -- Nee, ons het na vorentoe beweeg omdat ons alreeds vir die mense gesê het hoe hulle hulleself moet gedra. Die rede hoekom ons na vorentoe beweeg het, was omdat ons die mense beloof het dat ons dit gaan doen en (30)

ons/...

ons moes dit dus gedoen het.

HOF : U weet, hierdie saak duur baie lank. Usself is tot 'n groot mate daarvoor verantwoordelik want hierdie vraag kon met net "nee" beantwoord gewees het.

MNR. HANEKOM : Wanneer was die reëling getref dat u en Esau met die polisie sou praat wanneer julle die polisie teëkom?

-- Dit was op die vergadering van die 2de bespreek asook die oggend van die 3de net voor ons (meganiese defek)

K546 Volgens u getuienis in volume 171 op bladsy 8 814 en 8 815 was die reëling net voor die optog vertrek het op (10) 3 September dat dit die leiers van die optog was wat met die (meganiese defek - oorskakeling na nuwe kasset)? -- Ja, dit is reg, dit is so. Die leiers wat ek na verwys het daar is die organiseerders van hierdie optog.

Nee, dit is nie wat u getuienis was nie. U getuienis bo-aan bladsy 8 815 was "Because the people who would be heading the march will be the people to speak to the police should the police stop the march". -- Ja, dit is reg, maar die leierskap waarvan ek daar praat, is die organiseerders.

Wel, ek stel aan u dat wat reg is is dat Esau wel (20) een van die leiers van die optog was op daardie stadium? Usself ook? -- Wat ek kan sê is dat Esau was die senior van die organiseerders van die "marshalls" en ek was 'n "marshall" en daar was net drie persone gewees wat die optog geleei het daar voor as leiers. Dit is die drie waarvan ek melding gemaak het.

Op die stadium toe u en Esau by die voorpunt van die optog kom, was daardie drie oorspronklike leiers nog steeds heel voor? -- Ja, hulle was.

Wat het u en Esau gedoen toe julle voor kom by die (30) voorpunt/...

voorpunt? -- Die rede daarvoor was dat ons beskuldigde nr. 9 by ons sal laat aansluit om met die polisie daar 'n woord te gaan voer, maar ons het nie daarin geslaag nie, want die polisie het toe begin skiet. Ons moes eers hierdie optog laat stop het en dan na die polisie gaan om hierdie gesprek met hulle te gaan uitvoer, maar ons het nie daarin geslaag nie.

Waarin het u nie geslaag nie? Om die optog te stop of om met die polisie te praat of albei? -- Ons kon in albei nie geslaag het nie, want toe hulle begin skiet het, was (10) eintlik voor ons die optog laat stop het.

Het u probeer om die optog te stop voor die skietery? -- Toe ons daar voor kom het ons alreeds vir die mense gesê dat hulle moet stop, maar voor die mense kon stop het die polisie toe begin skiet.

Na die optog daar uiteen is, was u getuienis het u padversperrings gesien? -- Ja, ek het dit gesien.

Waar het u orals - of ek sal dit anders stel. Hoe lank na die optog uiteen is het u die eerste padversperrings gesien? -- Die optog is om 10h45 uiteen. Om ongeveer (20) 11h40 of tussen 11h40 en 11h50 het ek toe eers die padversperrings gesien.

Waar het u die eerste padversperrings gesien? -- Op die teerpad in die middel van Gebied 11.

Wat was die versperrings daar? -- Dit was klippe en as ensovoorts.

Was die mense nog besig om versperrings op die pad te plaas of was daar net versperrings klaar opgerig? -- By die punt was die padversperring alreeds voltooi, want dit was in die nabijheid van 'n bottelstoor gewees. Die padversperring (30) was/...

was net in die omgewing of in die area van die bottelstoor gewees.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Was dit naby die kantoor van die Ontwikkelingsraad? -- Ek weet nie presies waar hierdie kantore geleë is in Gebied 11 nie.

MNR. HANEKOM : Waar het u daarna nog padversperrings gesien? Op watter plekke? -- By die teerpad verby BP Garage, op die teerpad in die omgewing van Gebied 12. Dit wil sê in die rigting of in die koers van die interseksie.

Was dit vir u eienaardig om padversperrings aan te (10) tref op daardie stadium? -- Ja, dit was.

Was dit in stryd met julle oproepe vroeër dat die mense hulle mooi moet gedra?

MR BIZOS : With respect, there is an unwarranted assumption and loading to the question which is not justified. Is there any suggestion that any of the people responsible for these obstructions were on the march or at the Catholic Church on the morning?

MNR. HANEKOM : Die getuie se getuenis was dat dit algemeen bekend gemaak was in die hele gebied voor die optog tussen(20) die 26ste en die 3de dat daar 'n optog gaan wees en dat die mense hulle moet gedra.

HOF : Ons kan seker ons eie afleidings maak.

MNR. HANEKOM : Wat was die gesindheid van die mense in die optog tot voor hulle uiteen gedryf is? -- Hulle was in 'n goeie gesindheid gewees. Die beweging van hulle was in goeie orde. Hulle het eintlik ag geslaan op ons vermaning aan hulle dat hulle hulle self moet gedra.

HOF : U het weggehardloop toe die polisie opgetree het. Is dit nie so nie? -- Ja, dit is so. (30)

En/...

En het u in Gebied 11 ingehardloop? -- Ja.

En daarna? -- Daarna wat gebeur het is die volgende.

Daar was 'n manspersoon in die jeug wat raak geskiet was, as gevolg waarvan ons toe gevlug het. In Gebied 11, na ons dit binnegegaan het, het ons toe probeer om vervoer te bekom om die persoon te help. Ek was saam met mnr. Sam Matlole, beskuldigde nr. 17.

Hoe het u probeer om vervoer te bekom? -- Ons is na twee huise daar in die nabijheid waar ons gaan vra het of hulle nie vir ons die persoon na die hospitaal kan vervoer(10) nie. Een van die persone wat ons genader het daar het gesê sy voertuig het nie petrol nie.

Na die twee huise, wat het u toe gedoen? -- Ons het toe hierdie jeug geneem na sy woning toe wat nie baie ver was van die toneel waar ons probeer het om vir hom vervoer te bekom nie.

Is dit ook in Gebied 11? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Het u en beskuldigde nr. 17 saam weggeharkloop toe die polisie optree? -- Nie saam weggeharkloop nie, maar ek ek het beskuldigde nr. 17 aangesluit net toe hy Gebied 11 (20) binnegaan in die eerste straat van Gebied 11, want ek was heel ver vanwaar ek begin hardloop het in die nabijheid van Hunter's Garage.

HOF : Hunter's Garage lê op die punt van Gebied 11? -- Ja, dit is korrek. Dit is op die punt van Gebied 11.

Ek noem dit omdat u sê dat u baie ver gehardloop het voordat u in Gebied 11 in is? -- Wat ek sê is, ek probeer dit duidelik maak dat ek heel voor was in die nabijheid van Hunter's Garage en ek moes teruggegaan het om in Gebied 11 te wees waar ek by beskuldigde nr. 17 aangesluit het wat (30)

alreeds/...

alreeds binne-in Gebied 11 was.

MNR. HANEKOM : Waar het julle die beseerde seun gekry? -- Met die polisie se aksie daar het ek gesien dat hierdie jeug getref was, want onmiddellik het hy sy hand opgelig en voor my gehardloop. Ek het agter hom aangehardloop tot waar ons Gebied 11 binnegegaan het. Ek is die persoon wat hom laat stop het om te hardloop. Ek en hy het toe saam beskuldigde nr. 17 ingehaal en by hom aangesluit, waarvandaan ons begin het om te soek vir vervoer om hom, die jeug, te kan vervoer.

Was hy aan die voorpunt van die optog toe hy geskiet(10) is? -- Ek weet nie so mooi nie, maar ek kan sê hy was tussen die klomp wat voor was.

Was hy miskien een van die plakkaatdraers? -- Nee, dit weet ek nie. Ek het nie sekerheid daaroor nie.

Het u nie gesien toe hy getref is nie? -- Ek het nie gesien toe hy getref is nie. Ek het net gesien toe hy sy hand opgelig het, want hy was voor my.

Voor die polisie julle gestop het by die poskantoor in Gebied 11, het daar enigiets gebeur? -- Nee, niks het daar gebeur wat ek gesien het nie. (20)

Kon daar iets gebeur het wat u nie gesien het nie? -- By 'n optog as ek by 'n punt verby is, dan is daar nog 'n gedeelte van die optog wat agter my kom en sal ek nie kan sien wat gebeur na ek verby is nie. Dit is alleenlik die "marshall" wat agter kom, wat sal sien wat gebeur.

Was die poskantoor aan dieselfde kant van die optog as uself? -- Ja, dit is so.

Het u beskuldigde nr. 2 in die optog gesien? -- Ek het hom glad nie gesien nie en ek het hom eintlik nie geken nie.

Het u getuie IC.8 in die optog gesien? -- Ek het hom(30) nie/...

nie gesien nie. Hy was eintlik ook nie aan my bekend nie.

U kan nie betwissel dat hy ook 'n "marshall" was tussen u en die voorpunt van die optog nie? -- 'n Self uitgewysde "marshall" sal ek nie betwissel nie.

HOF : Wat bedoel u met 'n self uitgewysde "marshall"? -- Daarby bedoel ek by die Roomse Kerk het ons ons eie "marshalls" daar uitgewys van die komiteelede.

Wat is dan 'n self uitgewysde "marshall"? -- Dit is 'n persoon wat op sy eie besluit dat hy nou 'n "marshall" gaan word. (10)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Self aangestel? -- Self aangestel.

HOF : Nie by die Roomse Kerk aangestel nie, sommer êrens aangesluit en 'n "marshall" geword? -- Ja, ek sê die mense wat daar aangestel was as "marshall" by die Roomse Kerk het ek gesien en hy was nie een van hulle nie. Indien hy 'n "marshall" geword het later, het hy hom self aangestel.

MNR. HANEKOM : Getuie IC.8 was op daardie stadium die gebiedsverteenvoordiger van Sharpeville van die VCA? -- Ek was nie daarvan bewus nie. Selfs op die 3de het hy homself nooit daar voorgestel as 'n verteenwoordiger van die VCA nie. (20)

HOF : Het u hom gesien op die 3de? -- Ek het hom nie gesien nie.

Die hele dag nie gesien nie? -- Glad nie gesien nie.

MNR. HANEKOM : Het u nie gesien toe hy as gebiedsverteenvoordiger verkies was op 9 Oktober 1983 by die vergadering van VCA waar u was nie? -- Dit is lank gelede dat dit gebeur het. Selfs ander mense wat daar gekies was kan ek nie meer sê wie dit was nie. Dieselfde geld met betrekking tot beskuldigde nr. 10. As dit nie was dat ons huisvergaderings gaan hou het saam met hom en ek later gevra was wie hy is (30)

toe/...

toe ek hom raakloop nie, sou ek hom nie eers kon identifiseer het wie hy is nie.

Om net die punt duidelik te kry. Sê u IC.8 was glad nie 'n "marshall" op 3 September nie of sê u dit is moontlik dat hy een was maar u het hom nie geken nie?

HOF : Die getuie sê dat hy nie 'n aangestelde "marshall" was nie. As hy 'n "marshall" was, was dit een wat hom self sommer toegevoeg as "marshall" en dit was nie by die Rooms Katolieke Kerk nie.

MNR. HANEKOM : Dit is aan die getuie IC.8 gestel in volume(10) 23 op bladsy 1 128 dat 'n groepie mense wat deel was van die optog wou die poskantoor in Gebied 11 beskadig en besuldigde nr. 2 en 'n ander oman het hulle daarvan weer hou en hulle gekalmeer. Wat sê u daarvan? -- Ek sal dit nie betwiss nie, want dit is nou die instruksies wat besuldigde nr. 2 daar gegee het, wat hy kon sien by die punt of die posisie waar hy was by hierdie optog.

Ek stel dit aan u dat die prentjie wat u vir die Hof wil gee van die optog wat so vreedsaam en ordelik was tot by Hunter's Garage is nie die ware prentjie nie? -- Ek sê(20) hierdie optog was 'n vreedsame een tot by Hunter's Garage.

Sê u dit ten spyte van die feit dat mense probeer het om die poskantoor al te beskadig? .

MR BIZOS : What was put was that 'n group, not from the march, that is accused no. 2's version. IC.8's version may have been different, which is denied by accused no. 2. My Learned Friend is not entitled to put as a fact what is disputed and then asking a question about it.

MNR. HANEKOM : Ek sien nie die punt in die beswaar nie.

HOF : Stel weer die stelling laat ek hoor?

(30)

MNR. HANEKOM/...

MNR. HANEKOM : Ek stel dit aan u dat as 'n groepie mense by die poskantoor al die poskantoor wou beskadig, dan was die optog nie so 'n vreedsame een soos wat u wil voorgee nie?

MR BIZOS : I understood the question correctly and repeat the objection. There is disputed evidence whether people from the march wanted to damage the post office. What was put was that people, not from the march, but coming out of a little lane on the side of the post office wanted to and accused no. 2 was there and told them not to do it and not people from the march. (10)

HOF : Dit is so, mnr. Hanekom. Dit was nie gestel dat dit mense uit die optog was wat die probleme wou veroorsaak nie en nou sê u ja, maar dit bewys dat die optog nie so vreedsaam was nie.

MNR. HANEKOM : Soos ek dit gelees het was dit nie ook gestel dat dit nie mense uit die optog was nie.

HOF : Ek het dit so gelees dat dit 'n ander groepie is.

MNR. HANEKOM : Was beskuldigde nr. 2 deel van die optog die dag of weet u nie? -- Ek weet nie.

Wat se klere het Esau die dag van die optog gedra? (20)
-- 'n "Windbreaker" of 'n mens kan dit maar 'n "lumber-jacket" noem. Ek weet nie hoe om dit te beskryf nie en dan 'n T-hempie van UDF. Dit is al.

HOF : Het hy geen broek aangehad nie? -- Hy het 'n broek aangehad en skoene.

MNR. HANEKOM : Op 'n vraag van die Hof het u getuig dat die rook wat naby die interseksie was, was die eerste rook wat u gesien het? Beteken dit dat u sê in daardie omgewing van die interseksie of vandat u die oggend van die 3de opgestaan het en tot u by die interseksie gekom het was dit die (30)

enigste/...

enigste rook wat getrek het? -- Die eerste rook wat ek gesien het die dag was terwyl ek daar was.

Getuie Van Deventer het getuig, dit is volume 70 op bladsy 3 739 dat sy werkswinkel wat by die Administrasieraads-kantore is in Gebied 13 al aangeval en aan die brand gesteek is en dat sy voertuig ook aan die brand gesteek is 07h10 op dieoggend van die 3de. Het u geen rook in daardie rigting gesien nie? -- Ek sal dit nie betwis nie, maar as 'n mens by hierdie punt is waar ek die eerste rook gesien het die dag, dan is Gebied 13 baie ver. Ek sou nie in staat gewees het om rook daarvandaan te kan sien nie. (10)

Hoe ver sê u is Gebied 13 van Small Farms af? -- Tussen 7 en 8 kilometers. Ek is nie seker nie.

Die getuie Motsaneng het getuig, dit is volume 70 op bladsy 3 762, dat op dieoggend van 3 September 1984 was hy naby Small Farms? -- Ek het hom nie gesien nie.

En nadat die optog daar vertrek het, het hy padversper-rings gesien? -- As hy nou van die "route" praat wat ons gebruik het, dan is dit nie die waarheid nie.

En hy sê ook dat die Administrasieraadskantore in Gebied 7 het daardieoggend al gebrand voor 09h00? -- Dit weet ek nie van nie en nog 'n ding, ons het ver van daardie kantore af beweeg. Dit is die kantore van Gebied 7. (20)

Het u geen rook in daardie rigting gesien nie? -- Nooit.

Die getuie Matonsi het getuig in volume 72 op bladsy 3 836 dat raadslid Tsabalala se huis aangeval en aan die brand gesteek is teen 09h00 dieoggend in Gebied 12. Het u geen rook in daardie rigting gesien nie? -- In die eerste plek, ek ken nie die persoon Tsabalala nie en tweedens, om 09h00 was ons nog in Small Farms. Small Farms is ver geleë (30)

vanaf/...

vanaf Gebied 12.

Die getuie Nkowane het getuig in volume 72 op bladsy 3 855 dat die Sebokeng Skool al aangeval en gebrand het om 08h00 op 3 September? -- In watter gebied is dit?

Dit is in Gebied 7? -- Ek kan dit nie betwissel nie, maar ek weet nie eers waar daardie skool geleë is nie.

Het u rook gesien in die rigting van Gebied 7? -- Nee, ek het nie.

Watter pad staan bekend as Sebokeng se hoofpad? -- Daar is twee teerpaale daar. Ek aanvaar maar die hoofpad sal (10) wees die een wat by die winkels verbygaan.

Is dit die pad wat die optog gevolg het dieoggend van 3 September of 'n deel van die pad? -- 'n Gedeelte was gebruik, ja, na 'n draai geneem was.

Van watter deel praat u? By watter draai is dit? -- Dit is by die eerste hoek waar ons regs gedraai het vanaf die Roomse Kerk, het ons by hierdie pad aangesluit.

HOF : Dit is Vilakazistraat? -- Ja, dit is daardie straat.

MNR. HANEKOM : Die getuie Kuyter, kaptein Kuyter het getuig dat 07h00 dieoggend van 3 September was daar al versper- (20) rings op die Sebokeng hoofpad. Dit is volume 69 op bladsy 3 653. Wil u daarop kommentaar lewer? -- Ek het nie die padversperrings daar gesien nie, want ons het gebruik gemaak van daardie pad.

En die getuie Viljoen het getuig in volume 63 op bladsy 3 359 en verder dat vanaf 06h00 dieoggend van 3 September 1984 het hy al klipaanvalle op busse en polisievoertuie gesien in Sebokeng? -- Ek weet nie waar hy dit gesien het nie.

HOF : Nou sê u dat nie een van die mense wat daar by (30)

Small/...

Small Farms bymekaar gekom het, enige blyke gegee het van enige kennis van enige van hierdie gebeure wat nou breedvoerig aan u gestel is nie? -- Terwyl ons daar besig was met die optog, het niemand melding gemaak van enige van hierdie voorvalle wat nou aan my gestel was nie. Dit wil sê aan my persoonlik.

Of in u teenwoordigheid? -- Ook nie in my teenwoordigheid nie.

MNR. HANEKOM : Op die dag van 3 September, as dit is soos ek dit aan u stel het dat al die verskillende plekke al (10) gebrand het voor 09h00 op 3 September, die oggend, is dit nie eienaardig dat u glad niks van daardie rook sou sien op enige stadium of iets daarvan sou hoor nie? -- Ek het al vroeër vir die Hof gesê watter een was die eerste rook wat ek die dag gesien het. Die tweede rook wat ek gesien het na die eerste rook is die een van Gebied 13.

HOF : Nee, maar wat die advokaat aan u stel is is dit nie eienaardig dat as dit nou waar is dat al hierdie dinge so gebeur het soos hy aan u stel nie, dat u nie daarvan gehoor het of dit nie sou bemerk het nie? -- Ja, dit is reg, hy (20) kan dit so stel, maar die plekke waarvan hy melding maak, van hulle is baie ver van die pad wat ek gevolg het toe ek daar geloop het. Dus was ek nie in staat om dit te sien nie.

MNR. HANEKOM : En van die plekke wat ek genoem het is ook naby? Is dit reg? -- Van die plekke weet ek nie eers waar dit geleë is nie, byvoorbeeld die skool waarna u verwys in Sebokeng. Ek weet nie waar daardie skool geleë is nie.

Al wat ek aan u stel is dat Gebied 7 is nie só ver van Small Farms af as byvoorbeeld Gebied 13 nie? -- Ja, dit is so, maar u moet nou nie vergeet dat Gebied 7 self is 'n (30)

baie/... .

baie groot plek nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

NAPHTALI MBUTI NKOPANE, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM (vervolg) : Toe u die rook sien naby die interseksie, het dit nie u aandag getrek nie? -- Dit het.

Wat het u gedink veroorsaak dit? -- Ek het gedink dat daar iets aan die brand was en dat dit lyk asof dit 'n huis is. Omdat ek nie geweet het wat die omstandighede is wat(10) veroorsaak het dat daar 'n rook moet wees nie. Dit is al wat ek kan sê. Ek het dus nie verder gegaan nie.

Het u dit nie gerade geag om te gaan kyk wat aan die gang is nie, veral omdat daar so baie mense beweeg in die laan? -- Ek was eintlik nuuskierig om dit te doen, maar as gevolg van my verantwoordelikheid in die optog, kon ek nie gaan ondersoek instel nie. Hierdie punt van my wat ek as belangrik beskou het, was die bereiking van Houtkop en dit het my ook verhoed om te gaan ondersoek instel.

Het u nie by die omstaanders daar probeer vasstel wat(20) aan die gang was nie? -- As ek reg onthou het ek vir een persoon gevra wat ook huiwerig aan my gesê het "Ek glo amper dit is 'n huis wat aan die brand is."

Het dit u nie nog meer op u hoede gestel nie? -- Nee, ek kon nie as gevolg van die redes wat ek nou net gegee het.

Het u nie van die mense wat daar in die laan beweeg het, u het gesê hulle het in alle rigtings beweeg, by hulle probeer uitvind wat aan die gang was nie? -- Nee, ek het nie daardie tyd gehad nie.

Op 4 September het u getuig is u genader deur Dorcas (30)

Raditsela/...

Raditsela en beskuldigde nr. 10 wat u kom haal het? -- Ja,
dit is so.

Was dit in die oggend of die namiddag van die 4de? --
Dit was in die namiddag.

Hoe laat die middag? -- Ek is nie seker van die tyd nie,
maar dit was na 14h00 om en by 14h30.

Was dit die eerste keer die dag dat u beskuldigde nr. 10
gesien het? -- Ja, ek het hom die eerste keer die betrokke
dag gesien.

Beskuldigde nr. 10 het getuig dat voor daardie (10)
stadium het u self en beskuldigde nr. 17 en Edith hom langs
die pad opgelaai en na sy huis toe gegaan? Dit is in volume
161 op bladsy 7 942. -- Dit is reg, dit is wat hy getuig.
Hy het net die feite 'n bietjie omgekeer gehad in sy getuienis.
Hy is eers gehaal voor ek by was. Nie dat ek by was toe hy
gehaal was nie. Na hy opgetel was, het hulle toe na my toe
gekom waar hulle my kom haal het.

HOF : Wie? -- Beskuldigde nr. 10, Dorcas Raditsela en dit
is ook 'n fout wat beskuldigde nr. 17 betref. Hy was nie
daar nie. Ek het gehoor toe die fout begaan word, maar (20)
ek het net aanvaar kyk, dit is lank gelede dat hierdie voorval
plaasgevind het. Dit mag wees dat hy sy feite miskien ver-
keerd het.

MNR. HANEKOM : Toe Dorcas en beskuldigde nr. 10 u kom
oplaai het en u uitnooi na 'n vergadering by beskuldigde nr. 6
se huis, was dit die eerste keer dat u gehoor het van die
vergadering?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Mnr. Hanekom, net om seker te maak
dat daar nie 'n fout kom nie, is u stelling dat beskuldigde
nr. 10 se getuienis was dat beskuldigde nr. 17 en Edith (30)
hom/...

hom langs die pad opgelaai het? Edith Lethlake, nie Dorcas nie?

MNR. HANEKOM : Nee, Edith Lethlake. Om dit heeltemal duidelik te maak, die stelling is dat beskuldigde nr. 8 het gery saam met beskuldigde nr. 17 en Edith en hulle het beskuldigde nr. 10 opgelaai.

HOF : Wat is die vraag?

MNR. HANEKOM : Die vraag was toe Dorcas en beskuldigde nr. 10 u kom nooi na 'n vergadering by beskuldigde nr. 6 se huis, was dit die eerste keer wat u gehoor het van die (10) vergadering op 4 September? -- Ja, dit was die eerste keer dat ek daarvan gehoor het dat daar by beskuldigde nr. 6 'n vergadering gehou gaan word.

Beskuldigde nr. 10 se getuienis was ook in volume 161 op bladsy 7 942 dat nadat u en Edith en beskuldigde nr. 17 hom opgelaai het, julle na beskuldigde nr. 10 se huis toe gery het en daar by beskuldigde nr. 10 se huis het julle drie vir hom, vir beskuldigde nr. 10, ingelig dat daar reëlings getref was dat die areakomiteelede en die uitvoerende komiteelede van VCA moet vergader met eerwaarde Chikane van die (20) UDF? -- Ek erken dat beskuldigde nr. 10 wel so gesê het, maar soos ek alreeds gesê het, hy het sy feite omgekeer gehad. Wat eintlik die posisie daar was, was dat hulle eers by hom aangedoen het. Van sy plek af het hulle toe by my gekom saam met hom.

Wel, u getuienis was dat dit net Dorcas en beskuldigde nr. 10 was wat u kom haal het? -- Dit is hoe ek dit onthou. Ek sal u sê dit was 'n ding wat sommer vinnig gedoen was. Ek het ook sommer skielik by die huis vertrek. Ek het nie eers 'n baadjie aangehad nie. (30)

Was/...

Was Edith en beskuldigde nr. 17 by? Dit is toe Dorcas en beskuldigde nr. 10 jou kom haal het? -- Ek het alreeds gesê beskuldigde nr. 17 was nie by nie, dit is 'n fout.

En Edith? -- Wat Edith betref, kan ek nie meer onthou of sy daar by was of nie. Dit kom net nie terug in my gedagte nie.

Die vergadering wat belê was met eerwaarde Chikane, wat was die doel daarvan? -- Die doel van hierdie vergadering was om sekere dinge te bespreek aangaande die skade wat alreeds gedoen was en die beserings wat gedoen was aan (10) persone om dit te reël om dit bymekaar te kry, in die sin dat ons nou moet reël om met die gemeenskap bymekaar te kom en dan met die gemeenskap daaroor te praat.

Het u ook met eerwaarde Chikane bespreek wat die gebeure van 3 September voorafgegaan het, die protesvergaderings wat aanleiding gegee het tot die optog? -- Ek glo nie dat ons aan hom gesê het wat gebeur het net voor hierdie skade nie. Wat ek wel kan onthou is dat ons vir hom gesê het dat ons op pad was na Houtkop toe.

Was eerwaarde Chikane nie nuuskierig om uit te vind (20) of VCA as synde 'n geaffilieerde van UDF enige rol gespeel het in die optog nie? -- Aan wat?

Die vraag was of hy nie wou uitvind wat VCA se rol was in die optog nie? -- Dit is reg. Ons het aan hom gesê dat op die 3de was ons op pad na Houtkop toe met ons griewe oor die huur.

HOF : As u praat van ons, is dit VCA of bedoel u iemand anders? -- Ek praat van die inwoners van Sebokeng.

Die mense, ja. -- Ja. Ons het toe verder aan hom verslag gedoen dat ons nie daarin geslaag het om die plek te bereik (30)

nie/...

nie, want van die mense was geskiet gewees.

MNR. HANEKOM : Het u aan hom gesê wat die grieve was wat u wou gaan oordra by Houtkop? -- Ja, ons het aan hom gesê dat dit huur was, die huur was een van die grieve gewees.

Ek wil nie hê u moet die grieve opnoem nie. Ek vra net, het u vir hom gesê wat al die grieve was wat u wou oodra by Houtkop? -- Ons het aan hom gesê.

Het u vir hom gesê dat julle plan was om dit in 'n memorandumvorm oor te dra? -- Ons het dit nie in besonderhede bespreek nie. Al wat ons aan hom gesê het was dat ons (10) op pad was om 'n gesprek uit te voer met die Administrasie-raad.

U antwoord nie die vraag nie. Het u vir hom gesê julle wou 'n memorandum oorhandig of nie? -- Ons het nie van die memorandum daar gepraat nie.

Het u aan eerwaarde Chikane gesê dat die plan was met die optog om by van die raadslede se huise langs te gaan op pad na Houtkop toe en hulle saam te nooi om Houtkop toe te gaan? -- Nee, daar was geen so 'n gesprek gewees nie.

Toe u van die grieve aan hom oorgedra het, waarom (20) het u nie bloot 'n afskrif van die memorandum aan hom beskikbaar gestel nie? -- Maar die memorandum het niks met Chikane te doen gehad nie. Dit het met ons te doen gehad.

Het die grieve wat u aan hom oorgedra het dan enigiets met hom te doen gehad? -- Dit het ook niks met hom te doen gehad nie.

Ek gaan nou verwys na BEWYSSTUK W60, dit is volume 10 op bladsy 25. Die eerste twee paragrawe daar wil ek aan u voorlees "Two thousand Sebokeng residents decided to march to the Houtkop Administration offices and invite the Lekoa (30)

town/...

town council to join them. On their way to the Administration Board Offices they stopped at the home of councillor Caeser Motjeane and asked him to join them. Instead he allegedly opened fire on the crowd, hitting two people." -- Ja, ek verstaan dit.

Was dit op enige stadium besluit dat die raadslede saamgenooi sal word Houtkop toe? -- Nee, daar was geen so 'n besluit geneem by 'n vergadering nie. Dit wil sê by 'n vergadering wat ek bygewoon het.

Stem u saam dat volgens die berig soos dit hier staan(10) is dit die opmars self wat na Caeser se huis toe gegaan het om hom saam te nooi? Dat die optog by sy huis langs gegaan het?

HOF : U hoef nie hom te vra om die berig uit te lê nie. Ek kan dit self doen. Stel aan hom wat u sê daar staan en vra hom of hy dit kan verduidelik.

MNR. HANEKOM : Wat sê u van die stelling dat die optog by Caeser se huis gestop het en hom saamgenooi het? -- Wat ek daarop kan sê is, die optog waar ek by was het nie na Caeser se woning toe gegaan nie. (20)

HOF : Dit moet u optog gewees het, want daar was nie twee optogte nie? -- Ja, dit is reg, daar was nie twee optogte gewees nie, maar ons optog is nie soontoe nie. Ek weet waar die skrywer van hierdie artikel hierdie inligting gekry het nie.

MNR. HANEKOM : Stem u saam dat dit tweeduiseend mense wat in die optog was toe dit by Caeser se huis gekom het? -- Hierdie nuusblad hierso, die papier voor my, sê so.

Ek vra vir u wat sê u op die stadium daar by die interseksie toe julle optog daar was, hoeveel mense was daar? (30)

Ek/...

-- Ek het hier gesê drieduisend plus.

HOF : Dit wil voorkom uit hierdie artikel asof die blaam vir wat gevolg het in Sebokeng geplaas word op die skouers van Caeser Motjeane omdat hy op die optog gevuur het. Is dit wat u sê of nie? -- Nee, ek sê nie so nie, want ek weet nie daarvan dat daar enige skietvoorval was by ons optog nie, wat ek gesien het.

MNR. HANEKOM : Ek wil u ook verwys na W63 dit is volume 11. Dit is 'n SASPO National van September 1984 en ek verwys na bladsy 3. Ek lees in die tweede kolom van die laaste (10) reëltjie af "On Monday morning residents gathered and marched to the offices. On the way they passed the house of Evaton councillor Leburu Liphoko. They asked him to accompany them. Instead he pulled a gun and fired at the crowd, killing two people. The crowd turned on him and killed him." Wat sê u daarvan? Sê u nog steeds dat daar geen besluit was om die raadslede op pad Houtkop toe saam te nooi nie? -- Ek hou vol daarmee.

HOF : Weet u waar het Liphoko gebly? -- Ja, ek weet waar hy bly en dit is baie ver vanaf die plek waar ons beweeg (20) het na Houtkop toe. Hy woon in Evaton.

MNR. HANEKOM : Ek wil in die eerste kolom vir u lees die laaste paragraaf "These warnings were not headed. As the weekend of September, 1 approached councillors in Bophelong were forced to get police protection from angry residents at a rent meeting and Administration Board vehicles and buses were stoned." Sê u nog steeds dat die mense in die tydperk van 26 Augustus tot 3 September toe die polisie die optog laat uiteen gaan het, die mense so kalm en bedaard was? -- Ja, ek sê dit nog. (30)

HOF/...

HOF : Hier word gesê in die artikel dat daar drie massavergaderings was in die Vaal op Sondag, 2 September. Is die artikel korrek of verkeerd? -- Nee, dit kan nie reg wees nie. Die enigste vergadering wat ons gehad het was dié van die komitees by die Roomse Kerk Small Farms. Die persoon is verkeerd.

Daar was natuurlik in Sharpeville 'n ander vergadering op daardie dag. Weet u van hom? -- Ek het nie daarvan geweet nie.

MNR. HANEKOM : Wat saamgaan met die stelling oor die (10) moeilikheid in Bophelong op die naweek van 1 September wil ek net aan u stel die getuienis van Sara Gcina in volume 70 op bladsy 3 850. Haar getuienis was dat haar man 'n raadslid in Bophelong is en dat hulle huis aangeval is op 29 Augustus 1984. Het u enige kennis gedra van die moeilikheid in Bophelong voor 3 September 1984? -- Ek het niks daarvan gehoor nie. Dus het ek geen kennis gedra van enige moeilikhede te Bophelong nie.

Wel, ek stel dit aan u dat die gesindheid van die inwoners, die gevoel onder die inwoners eintlik korrek (20) weerspieël word in die BEWYSSTUK W63 op bladsy 10. Links bo-aan die bladsy staan "Editorial". In daardie redaksionele artikel onder die opskrif "Protest frustration and anger" in die tweede paragraaf "News of the Lekoa increase was met with protest. Residents held large meetings and took a decision to stay away from work in protest. The Vaal Civic Association warned the councillors that people could not afford the increase, but this fell on deaf ears and so anger grew and spilled over. Thousands took to the streets. In the conflict that followed frustration and anger were (30)

directed/...

directed at targets that have always been hit first. Council-lors and their businesses, buses, government property exploited of shop owners and police." Het u die passasie? -- Ja, ek lees nog wat daar staan.

Wel, ek stel dit net aan u dat dit eintlik 'n korrekte beeld gee van die gevoel van die inwoners in daardie stadium op 3 September as wat u getuig? -- Hierdie koerant sê nie wanneer dit geskryf is, wat die datum is nie. Tweedens, ek weet nie, dit is hierdie persoon se gevoel en sy besluit oor wat hy van weet wat hy geskryf het. (10)

HOF : U sê hierdie mense was nie kwaad nie? -- Die mense se harte was nie so bly gewees oor die verhoogde huur nie.

MNR. HANEKOM : Wil u nog iets byvoeg? -- Ek is nie duidelik of die persoon dit nou noem as wat die gesindheid was voor die 3de nie en of dit net in die algemeen deur hom so verstaan laat word na die 3de.

HOF : As ek die artikel reg lees dan beteken dit die mense was teleurgesteld en kwaad as gevolg van die verhoging van die huurgeld, daar is nie na hulle geluister nadat die VCA gepraat het en toe het hulle al kwater geword en uiteinde- (20) lik het dit uitgeloop op bloedvergieting. Nou stel die advokaat aan u stem u daarmee saam of nie?

MR BIZOS : With respect, the witness may have something in what he says because of the words "in the conflict that followed."

COURT : "And so anger grew and spilled over."

MR BIZOS : Yes, after the conflict that followed.

COURT : "Thousands took to the streets. In the conflict that followed frustration and anger were directed."

MR BIZOS : Is it before or after the conflict that (30) followed/...

followed? Because if Your Lordship with respect reads the paragraph, it expresses - there is a narrative and then an opinion is expressed. "The Vaal Civic Association warned the councillors that the people could not afford the increase but this fell on deaf ears and so anger grew and spilled over. Thousands took to the streets. In the conflict that followed." Now, is this before or after the march was broken up or ... (Court intervenes)

COURT : The conflict that followed, the taking to the streets, but we are not asking him about that. I am asking (10) about the anger which grew and then spilled over and that question is repeated. Have you got any comment on that?

-- Ek weet nie daarvan nie. Dit was hierdie persoon se gevoel, dit wil sê die skrywer se gevoel. Waarvandaan die persoon dit gekry het, sê hulle nie hier nie. Dus kan ek nie verdere kommentaar daaroor lewer nie.

U stem nie saam nie? -- (Geen antwoord)

Ek weet nie wat u probleem is nie. Stem u saam of stem u nie saam nie? -- Ek sal nie sê die mense het baklei as gevolg van die feit dat die huur die rede was nie. Ek (20) stem nie saam met hom nie en ek kan nie sê die "rampage" was veroorsaak omdat hierdie rede daar bestaan het nie. Ek weet nie wat die oorsaak van die "violence" was nie.

Dit is nie wat ek u vra nie. Ek vra vir u stem u saam met die stelling dat die mense kwaad was voordat die optog begin het? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Nou ja, dan kan ons mos nou voortgaan.

MNR. HANEKOM : Ek wil net nog verwys na W42, dit is in volume 8. Die laaste deel van die bewysskrik net voor W43 is 'n UDF News. Dit is van Oktober 1984. Ek verwys na bladsy 2 daarvan (30)

onder/...

onder die opskrif "We cannot stomach it". -- Ja, ek sien dit.

Dit is in die middelste kolom, in die middelste paragraaf wat begin "On 2nd September three mass meetings were held in the Vaal area." U sê dit is weer 'n fout, daar was nie drie vergaderings nie? -- Ja, dit is 'n fout, daar was nie drie vergaderings gewees waarvan ek bewus is nie.

Dan net verder "Our people ..." -- Dit wil sê in Sebokeng.

Die berig praat van die Vaal gebied? -- Op die dag (10) van die 2de het ek net geweet van ons vergadering van die komitees.

As 'n mens verder lees "Our people wanted to discuss the rent increases that were imposed on them by the Lekoa Administration Board. People were very bitter." Stem u daarmee saam? -- Ja, dit is reg, dit is juis die rede hoekom ons na die Administrasieraad toe gegaan het op die 3de.

U stem saam dat "the people were very bitter"? -- Ja, ek stem saam.

As ons verder lees "They explained how the rent affected (20) them, given that they were paid low wages and were exploited in the factories. Residents resolved to stay away from work and school on the following day. They decided to march on the Administration Board office to demand the scrapping of the increases. Businesses were asked to close for the day. On Monday, 3 September residents marched to the council offices" en dan "They demanded that" en dan is dit die "demands". "Rent increase be scrapped." Tweedens, "Existing rents be reduced." Stem u saam dat dit een van julle vereistes was dat die bestaande huur verminder moes (30)

word/...

word? -- Nee, dit was nie een van die vereistes dat die huidige huurgelde verminder moet word nie.

Die volgende een "Community councillors resign immediately" en dan die volgende een "All people presently detained be released immediately." Was dit een van julle eise? -- Daar was nie so iets nie. Nou praat die koerant van mense wat in aanhouding is. Ek weet nie wanneer hulle in aanhouding geneem was nie. Dit is die moeilikheid wat 'n mens het met 'n koerant as jy nie weet wanneer se uitgawe is hierdie koerant nie.

(10)

HOF : Nee, nee, hierdie koerant sê dat op Maandag, 3 September die inwoners geëis het "Rent increases be scrapped, existing rents be reduced, community councillors resign immediately, all people presently detained be released immediately, no police interference at funerals." -- Nee, dit is nie so nie.

MNR. HANEKOM : En die laaste vereiste "no police interference at funerals", was dit een van julle eise? -- Nee, as dit nou verwys na die 3de, was daar geen so 'n vereiste nie.

HOF : Het julle geskreeu "Asinamale" toe daar op julle (20) geskiet is? -- Bedoel u tydens die skietvoorval?

Ja, daar by Hunter's Garage? -- Nee, niemand het geskreeu nie. Daar was net 'n weghardloper gewees.

MNR. HANEKOM : Ek gaan net laastens verwys na 'n passasie in W60 volume 10 op bladsy 24. In die tyd van Augustus 1984 toe julle vergaderings gehou het ocr die huurverhoging, het die Sharpeville Anti-Rent Committee en die Vaal Women's Organisation, COSAS, AZAPO en UDF saam met VCA vergaderings gehou? En verskeie vakbondes soos byvoorbeeld die Orange Vaal General Workers Union en die Engineering and Allied (30)

Workers/...

Workers Union. Het die klomp almal saamgekom om te vergader teen die verhogings? -- Waar?

Op enige plek in die Vaal Driehoek gedurende Augustus 1984? -- Ek weet nie van so 'n vergadering nie. Ek het nie daarvan gehoor nie.

Het die klomp enigsins saamgewerk, op enige manier saamgewerk om die verhogings van huur teen te gaan? -- Dit is nie wat ek weet nie. Wat ek van weet is dat daar geen sulke organisasies by die vergaderings teenwoordig was wat ek bygewoon het asook in die tydperk wat ek die huisvergaderings bygewoon het nie asook die vergadering van die 26ste. (10)

Ek wil u dan net verwys na BEWYSSTUK W60 op bladsy 24 volume 10. In die middelste kolom onder die prentjie staan "The Vaal Civic Association, the Sharpeville Anti-Rent Committee, the Vaal Women's Organisation, COSAS, AZAPO, the United Democratic Front and various local trade unions such as the Orange Vaal General Workers Union and Engineering and Allied Workers Union came together to oppose the increases." -- Ja, ek volg wat daar geskryf staan. (20)

Ek stel aan u dat dit is wat inderdaad gebeur het? -- Wanneer was die vergadering gewees? En waar?

Die stelling is dat hulle saam gewerk? -- Ek dra nie kennis van daardie samewerking wat u aan my stel nie.

En ek stel dit ook aan u dat dit die rede is waarom die pamphlet wat ons gister behandel het wat u uitgegee het om 3 September se vergadering te adverteer, BEWYSSTUK AN15(ii) melding maak dat dit resolusies is van die "residents, the children, the parents and the workers in the Vaal Triangle." -- Nee, ek stem nie saam dat dit wel so is nie. (30)

As/...

As u daar by die paragraaf waar ons nou gelees het net verder lees, die volgende paragraaf "They called meetings during August, wrote letters to the councils and circulated a petition. The council refused to retract the proposed increases." Wat sê u daarvan? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Toe u op 6 September 1984 na die UDF kantore toe gegaan het in Johannesburg om die pamphlette te gaan haal, het u daar by die mense navraag gedoen oor waar Esau en Edith en beskuldigde nr. 17 sou wees? -- Nee, ek het nie. (10)

Het enigiemand anders in u geselskap navraag gedoen? -- Die persoon wat hierdie dokumente aan ons gegee het, met verwysing na die pamphlette, het net gesê sekere mense van die Vaal moes die dokumente daar kom kry het en hy het toe nie by name gesê wie die persone was wat veronderstel was om die dokumente te kom haal nie.

Op daardie stadium het julle self Johannesburg toe gegaan omdat Esau en Edith en beskuldigde nr. 17 wat dit moes bring nie meer in die Vaal Driehoek was nie, volgens u hoofgetuigenis? Nou vra ek vir u het julle nie daar by (20) UDF se kantore, by Frank Chikane navraag gedoen na die mense nie? -- Ja, ons het by Frank gevra in Braamfontein, nie by die UDF nie. Frank is in Braamfontein.

En wat het hy gesê? -- Al wat hy gesê het is, hulle het gesê hulle kom die goed haal, maar hy weet nie wat van hulle geword het nie, hy wag nog op hulle.

Toe u later daardie dag op 6 September 1984 die foutiewe pamphlet AN15(iii) gaan bespreek het in die Vaal Driehoek by beskuldigde nr. 10 se huis, was beskuldigde nr. 16 teenwoordig? -- Nee, beskuldigde nr. 16 was nie teenwoordig (30) nie/...

nie.

MR BIZOS : Did My Learned Friend say accused no. 10's house?

COURT : Yes.

MR BIZOS : Did he intend saying that?

HOE : Het u dit bedoel?

MNR. HANEKOM : By beskuldigde nr. 6 se huis, jammer.

HOE : Herhaal dan eers die stelling.

MNR. HANEKOM : Toe u en beskuldigde nr. 10 en andere by beskuldigde nr. 6 se huis vergader het op 6 September 1984 om BEWYSSTUK AN15(iii), die foutiewe pamphlet, te bespreek, (10) was beskuldigde nr. 16 teenwoordig? -- Beskuldigde nr. 16 was nie teenwoordig nie.

Wel, ek stel dit aan u dat beskuldigde nr. 10 het getuig in volume 161 op bladsy 7 960 dat beskuldigde nr. 16 wel daardie vergadering bygewoon het? -- Beskuldigde nr. 16 was nie eers aan my bekend nie, maar ek het hom nie gesien nie.

Ek gaan u net verwys na BEWYSSTUK AN15(vii). Daarso in die middel van die bladsy by punt 3 waar staan "To stop the Lekoa Town Council to function in the Vaal Triangle", wat het u daaronder verstaan? -- Op daardie punt het ek (20) verstaan dat die boodskap is dat die raadslede van Lekoa Town Council moet bedank.

Waarom was dit dan nie so gestel nie dat die raadslede moet bedank nie? Waarom is dit gestel dat die Lekoa Town Council gestop moet word om te funksioneer in die Vaal Driehoek? -- In Sotho taal soos dit daar geskryf is in daardie pamphlet is dit duidelik dat wat daar bedoel word is dat hulle moet bedank, maar nou die vertaling, die bedanking in vertaalde taal, as 'n mens dit nou lees "stop", dit is die beëindiging van die dienste. Wat my betrek dra dit (30)

nog/...

nog dieselfde boodskap oor dat hulle moet bedank.

Het u dit so oorgedra aan u regsverteenvoordigers dat dit is wat in die Sothotaal bedoel word? -- Kyk, het dit miskien soos volg gelees "Stop the Lekoa Town Council to work". Dit kom weer terug op dieselfde punt van bedanking. 'n Mens wat bedank hou op om te werk.

HOF : Ek dink nie noodwendig so nie. Ek dink partykeer het hulle lankal opgehou om te werk voordat hulle bedank. -- Nee, dit is nie hoe ek dit verstaan nie.

MNR. HANEKOM : Wat was die opdragte wat u aan Frank Chikane gegee het, wat moes die pamphlet oordra? -- Ons het aan hom oorgedra dat die gemeenskap versoek dat die raadslede hulle werk op 'n einde moet bring. (10)

Het julle met hom Engels gepraat of Sotho? -- Ons het dit in Engels oorgedra dat die raadslede moet "resign".

Dit is dan 'n wesenlike fout in die vertaling van hierdie pamphlet? -- Ek sien nie 'n verskil daaromtrent nie, want as jy nou stop om te werk, is net so goed jy bedank.

Dan net so onder dit waar staan "Meeting" is daar 'n verwysing in die pamphlet na "residents, children, parents (20) and workers" wat moet saam vergader. -- Ja, ek sien dit.

HOF : Was dit julle opdrag? -- Wat ons aan hom gesê het as 'n opdrag was dat daar gaan 'n vergadering gehou word van die gemeenskap as geheel.

MNR. HANEKOM : Was julle tevreden met die bewoording van die pamphlet soos dit hier gestel is? -- Ja, ons was tevreden.

Ek stel dit aan u dat die pamphlet spesifiek so lui omdat dit verwys na die verskillende organisasies wat saam gekom het, die gemeenskapsorganisasies, COSAS vir die kinders en die verskillende vakunies? -- Ek stem nie saam met daardie (30)

stelling/...

stelling nie, want as ek sê die uitnodiging was bedoel vir die inwoners, praat ek van baie mense. Die inwoners is die ouers, die kinders, die werkers ensovoorts. Daar is geen melding van COSAS op hierdie dokument nie.

HOF : Ek wil u iets vra. Was COSAS bedrywig in hierdie tyd of was hulle doodstil? -- Of COSAS bedrywig was, al dan nie, ek het niks van COSAS geweet nie destyds behalwe wat ek gelees het in die koerante. Dit wil sê die bestaan daarvan in die Vaal.

MNR. HANEKOM : Ek wil u net verwys na pamflet nr. 4, (10) AN15(iv) wat uitgegee is onder die naam van die Vaal Civic Association. Dit roep ook mense op na 'n vergadering toe en dit verwys weer na "Parents, residents, children and workers". Ek stel dit dan aan u dat u verduideliking dat hierdie AN15(vii) verwys na "residents, children, parents and workers" as mnr. Chikane se vertolking van die gemeenskap nie heeltemal reg is nie. Die VCA het self dit gebruik? -- Nee, maar in die eerste plek het ek nooit gesê dit is Chikane wat dit so gebruik het nie. Wat ek gesê het is die mense beskou ons as 'n gemeenskap as geheel. Dieselfde geld vir (20) BEWYSSTUK AN15(ii). Dit is ook op dieselfde manier geskryf. Ons het dit net so aanvaar.

Wel, ek stel dit net aan u dit is doelbewus so gedoen en ook doelbewus gevra dat AN15(vii) so opgestel moet word? -- Dit kan wees dat dit so geskryf is, omdat ons gespraak het daarvan dat iemand anders miskien met die idee gekom het dat dit op hierdie manier geformuleer moet word, maar ons is nie daarteen nie.

HOF : Van wanneer af nooi 'n mens nou kinders na 'n vergadering van grootmense? -- As die rede betrekking het ook op die (30)

kinders/...

kinders, dit wil sê in die sin dat dit die gemeenskap raak as geheel, kan 'n mens die kinders ook nooi na 'n vergadering toe. Soos die vergadering wat ons nou bymekaar geroep het na die 3de. Die vergadering was geroep omdat daar krisisse was. In daardie geval sou ons nie 'n vergadering bymekaar gekry het van die grootmense en weer later eenkant 'n vergadering gaan roep van die kinders nie.

MNR. HANEKOM : Was die kinders in die voorpunt van die optog op 3 September en was dit kinders wat die plakkate gedra het? -- Mag ek u miskien eers herinner voor ek die vraag (10) beantwoord. Kyk, as ons praat van kinders, dan praat ons nie van die kinders op die manier wat u 'n kind beskou wat 'n kind is nie. As ons praat van kinders praat ons van persone van die ouderdomme van 18 af boontoe. Dit is mense waarna u kan verwys as jeug.

HOF : Wat noem u dan kinders van 18 na 12 toe, onder toe?
-- Hulle is ook kinders.

MNR. HANEKOM : U het nog nie die vraag geantwoord nie, oor die kinders in die optog? -- Kinders van die ouderdomme vanaf 18 na boontoe was teenwoordig by hierdie optog. (20)

Was dit hulle wat die plakkate gedra het aan die voorkant van die optog? -- Nie net hulle nie, selfs persone van die ouderdomme van 25 het ook plakkate daar gedra.

Was daar plakkate gedra deur mense jonger as 25? -- Daar was.

En wat sou u skat was die jongste persoon wat 'n plakkaat gedra het daar se ouerdom? -- Ek sal sê daar was nie een jonger as 18 nie.

Het u geweet van enige vergaderings wat raadslede in die Vaal Driehoek gebied gehou het gedurende Augustus (30)

1984? -- Op watter datums?

Gedurende Augustus 1984? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

Ek verwys na massavergaderings wat die raadslede gehou het met die inwoners? -- Ek het verneem dat by ander areas of blyplekke van ander mense dat sulke vergaderings gehou was.

Het u enigiets gedoen om uit te vind wat op die vergaderings bespreek is en waaroor dit gegaan het? -- Die vergaderings wat in Augustusmaand gehou was deur die raadslede (10) in 1984 is waar hulle die mense in kennis gestel het dat die huurgelde verhoog is.

Was u bewus dat hulle ook die redes kon gegee het aan die mense vir die verhogings? -- Ja, ek weet dit is die redes wat hulle elke jaar jaarliks gee indien hulle geld op huur verhoog.

U self het geen pogings aangewend om van hierdie vergaderings by te woon nie? -- Nee, ek het nie na hierdie vergadering van hulle toe gegaan in Augustusmaand nie.

Was u bewus van die sogenaamde "stay away" van 5 en (20) 6 November 1984 in die Vaal Driehoek? -- Nee, ek was nie daarvan bewus nie.

Was daar op daardie datum nie 'n "stay away" nie, op 5 en 6 November in die Vaal Driehoek? -- Ja, daar was.

HOF : Wanneer het u daarvan gehoor? -- Ek het daarvan gehoor, ek kan nie meer met sekerheid sê nie, ek dink amper dit was 'n dag voor die dag van die "stay away". Dit wil sê 'n dag voor die 5de.

MNR. HANEKOM : Het die VCA enige rol gespeel in die "stay away"? -- Nie sover as wat my kennis strek nie. (30)

BEWYSSTUK/...

BEWYSSTUK AB7 die sesde dokument, daarin word dit gestel dat die VCA en ERAPO - jammer, ek los ERAPO uit, net die VCA en VYCO, die Vaal Youth Congress deel gehad het in die komitee wat verantwoordelik was vir die "stay away" van 5 en 6 November 1984?

HOF : Wat is nou die vraag?

MNR. HANEKOM : Het u gehoor dat enige VCA lid betrokke is . daarby of enige VCA bestuurslid? -- Nee, ek het dit nie hoor nie.

HOF : Was u op 10 Oktober 1984 nog aktief in die VCA? -- (10) In Oktober 1984 was ek in die Vaal Driehoek gewees en ek was nie aktief in die politieke dinge betrokke nie.

Nee, maar as die VCA aktief was in die sin van dat die VCA 'n vergadering sou gehou het, 'n komiteevergadering, sou u daarby gewees het of nie? -- Ek sou by gewees het.

Moet 'n mens dan daarvan aflei dat hierdie stelling in hierdie persverklaring dat die VCA teenwoordig was, heel moontlik verkeerd is? -- Ek weet nie hoe om die vraag te antwoord nie, want dan sê hulle nie waar nie en wie was daar toe wat gebeur het nie. (20)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 23 FEBRUARIE 1987.